



Skeer.

Skeerder.

Skeerste.

Die verskil tussen
professioneel skeer,
sportskeer en 'n
wêreldrekordskeerdery



(BLAAT OM)

Wanneer mens die woord "skaapskeerder" hoor, dink jy onwillekeurig aan die natgeswete, vooroorgebuigde liggaam van 'n man wat sy brood in die sweet van sy aangesig verdien; wat die een skaap na die ander vang totdat die vangkraal leeg is. Ja, dit is die primêre werk van 'n persoon wat die skaapskeerberoep gekies het, en dit is ook die manier waarop hy sy geld verdien. Skaapskeer is uiteraard liggaamlik baie harde werk, wat daaglik liters se vog uitsweet verg en waar die regte dieet, asook goeie was- en slaapgeriewe, elke dag noodsaaklik is. Maar dit behels ook meer as dit.

Skeer as 'n profesie

Professionele skeerders word deur die NWKV se skeeropleidingsprogram onder leiding van Izak Klopper en sy instruktors opgelei om die Suid-Afrikaanse wolskeersel so doeltreffend en goed moontlik van die skaap af te haal.

Tydens so 'n kursus leer skeerders beide hand- en masjienskeer, al die basiese beginsels en vaardighede van skaapskeer, soos die hantering van die skaap, die regte posisionering van skaap en skeerder – wat baie belangrik is – asook die regte patroon waarvolgens 'n skaap geskeer moet word. Daar word ook gekyk na die onderhoud en instandhouding van toerusting.

Skeeropleiding is, soos produksie-adviesdienste, 'n diens wat die NWKV aan alle wolprodusente op kontrak met Cape Wools SA (CWSA) lewer en wat deur die Woltrust befonds word.

Skeer as 'n sport

Sport- of kompetisieskeer is 'n totaal ander aspek van skaapskeer waaraan beginner-skeerders, gevorderde skeerders en topklas-professionele skeerders elkeen in hul eie groep vrywillig kan deelneem.

Sportskeer sluit ook in die deelname van beginnerwolhanteerders, gevorderde wolhanteerders en ope-wolhanteerders wat vrywillig teen mekaar in die onderskeie wolklasafdelings meeding.

Elke jaar vanaf September tot Maart word agt provinsiale skeer- en wolhanteringskompetisies landswyd gehou waaraan skeerders, beide hand- en masjienskeerders, asook wolhanteerders kan deelneem om te kwalifiseer om in April aan die jaarlikse Nasionale Skaapskeer- en Wolhanteringskampioenskappe deel te neem.

Die semifinaliste in elke kategorie – skeer en wolhantering – van elke provinsiale kompetisie kwalifiseer om aan die nasionale kampioenskappe deel te neem. Dié stelsel verseker dat al die topkandidate in skeer en wolhantering jaarliks aan die nasionale kampioenskappe deelneem.

Op streeksvlak kry skeerders en wolhanteerders dus die geleentheid om in hulle omgewing waar hulle werk met ander atlete mee te ding en op dié manier self uit te vind waar hulle staan met hulle skeer- en wolhanteringsvaardighede.

Atlete wat aan die nasionale kampioen-

Federasie vir skaapskeerders

Die Suid-Afrikaanse Skaapskeerfederasie (SASSF) is die beheerliggaam wat al genoemde kompetisies en kampioenskappe onderskryf en bestuur. Die SASSF is 'n onafhanklike liggaam met sy eie sekretariaat wat ook geaffilieer is by die Golden Shears World Shearing Council, waarvan dit ook 'n lid is.

Die SASSF is ook geaffilieer by die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (Saskok). Die federasie is verantwoordelik vir sy eie befondsing, wat hoofsaaklik deur borgskappe bekom word. Om finansiering te bekom, bly maar 'n opdraande stryd en daarom is die federasie dankbaar vir elke bietjie hulp wat hulle van borge kry omdat hulle graag alle moontlike geleenthede aan die atlete wil gee. Die federasie is dankbaar vir die wol- en skeerbeoordelaars wat tyd opoffer en sonder vergoeding al die kompetisies en kampioenskappe reg deur die jaar beoordeel.



(BLAAI OM)



skappe deelneem, staan elkeen weer 'n kans om aan die wêreldkampioenskappe deel te neem wat elke derde jaar in 'n ander land, om die beurt in die Noordelike en Suidelike Halfrond, aangebied word. Ongeveer 30 lande neem aan dié kampioenskappe deel.

Atlete wat aan die wêreldkampioenskappe deelneem, verwerf nasionale kleure (Proteakleure) vir skeer en wolhantering. Die Suid-Afrikaanse Skaapskeerfederasie (SASSF) poog om elke drie jaar twee handskeerders, twee masjienskeerders en twee wolhanteerders na die kampioenskappe te stuur. Indien geld beskikbaar is, gaan 'n skeerbeoordelaar en 'n wolhanteringsbeoordelaar ook saam om ondervinding as beoordelaars in die wêreldarena op te doen.

Afgesien daarvan dat skeer as 'n sport aan

skeerders en wolhanteerders die geleentheid bied om teen mekaar mee te ding, pryse te wen, as kampioene bekroon te word en op die wêreldverhoog te kan deelneem, bied dit ook aan die atlete die geleentheid om hul eie vaardighede ten opsigte van skeerspoed en skeergehalte te verbeter. Beoordelaars kyk byvoorbeeld na die aantal dubbelknipsels wat gemaak word, hoe die skaap hanteer word, of daar op die wolvag getrap word, of die wolvag geskeur word, hoe egalig die skaap afgeskeer is en of die skaap raakgesny is. Tyd speel natuurlik ook 'n rol.

Elke wolhanteerder word ook geëvalueer ten opsigte van watter dele van die vag uitgehaal word en of die wol wel in die regte klasse geplaas word. Ook die gooi van die vag word beoordeel omdat dit baie belangrik in die



skeerskuur is. Hulle kyk ook na die tyd wat gebruik word om die werk af te handel.

Skaapskeerrekords

'n Derde aspek van skeer is om skeerwêreldrekords te verbeter. Daar is verskeie wêreldrekords in verskillende kategorieë, soos 'n agtuur- of 'n nege-uurrekord op sterkwol-ooie of -lammers, of Merino's of kruisrasskape. 'n Skeerder kan individueel 'n rekordpoging insit of meer as een skeerder kan 'n drie-skeerder-poging op Merinolammers in masjien-skeer aandurf.

So is reeds drie wêreldrekords in Suid-Afrika opgestel, naamlik 'n drie-skeerder-masjienskeerrekord van 1 208 Merinolammers, 'n twee-skeerderhandskeer-rekord van 460 Merinolammers binne agt uur en 'n individu-

ele handskeerrekord van 245 lammers binne agt uur.

Die beheerliggaam is die Wêreldskaapskeerrekordgenootskap (WSSRS), 'n onafhanklike liggaam met sy eie sekretariaat bestaande uit beoordelaars van Australië (6), Nieu-Seeland (6), Suid-Afrika (3) en die Verenigde Koninkryk (2).

Tydens elke rekordpoging moet ten minste een, maar verkieslik twee, buitelandse beoordelaars teenwoordig wees. Die WSSRS behartig al die reëlins in verband met die beoordelaars ten opsigte van rekords, die opstel van die reëls en die verifiëring van alle rekords voordat dit as nuwe rekords erken word. Die SASSF is geaffilieer by die WSSRS wat een keer per jaar vergader en alle rekords verifieer. 